

## HOOFSTUK II.

### ONDERWYS IN DIE BEGINJARE: 1876 - 1891.

#### 1. Die behoefte aan onderwys.

Uiters min oorspronklike gegewens is te vinde in die Staatsargief in Pretoria oor die beginjare van die onderwys in die Wolmaransstadse distrik. Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon is, het hierdie distrik geografies deel gevorm van die Potchefstroomse distrik en gevolglik kan ons met veiligheid aanneem dat soortgelyke toestande as wat in die beginjare aldaar aangetref is, ook wel in die wordingsperiode in hierdie omgewing ervaar sal word. "Die eerste taak wat die Trekkers geroep het, was die bewoonbaarmaking van die nuwe woonplek. Die aanlê van dorpe en plase het ongetwyfeld alle aandag in beslag geneem; water moes uitgehaal, lande aangelê, huise gebou, vee opgepas, die land skoongemaak word teen vyand en wilde diere. Dit spreek dus vanself dat daar min tyd, geleentheid en geneentheid vir enige langdurige verstandelike opvoeding was; die kinders moes maar van vroeg-af aan die werk spring en meehelp in alles, want ander bediening was uiters skaars en onverkrygbaar; die ouers was moeg van die daelikse pligsvervulling en meesters was byna nie te bekom nie"<sup>1)</sup>. Volgens prof. Coetzee was die Trekkers op twee dinge uiters gesteld, nl. hulle godsdiens en die onderwys en opvoeding van hulle kinders, al het laasgenoemde weens omstandighede gewoonlik neergekom op 'n sekere minimum van verstandelike ontwikkeling.

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 15.

Godsdiens en opvoeding was vanaf die vroegste geskiedenis van Wolmaransstad ook so nou aan mekaar verbonde dat van die eerste ware onderwys eers iets tereggekome het nadat die eerste gemeente gestig en 'n kerkgebou is. Hoewel die eerste twee gemeentes van die Hervormde en N.H. of G.Kerk reeds in 1878 op Witpoort, wyk Makwassie, gestig is, sou daar nog ruim agt jaar verloop voordat die eerste skool aldaar geopen is.

2. Stigting van die eerste skool in Wolmaransstad.

Witpoort, wyk Makwassie, 4 Jan. 1886.

Op 20 Oktober 1885 rig die heer C.C.Grevelink die volgende skrywe aan die Superintendent van Onderwys<sup>1)</sup>:

"Als beroepene Onderwyser van een School dat binne korten tyd te Witpoort Makwassie zal geopen word, wend ik mij op verzoek van de Commissie dier school per dit schrijven needrig tot u Eerwaarde, in de overtuiging dat u Eerwaarde, ons in deze gewenschte zaak waarin u Eerwaarde veel Belang stelt zekerlijk helpen en ondersteunen zult.

Het is nog niet vast bepaald wanneer de school zal geopen word, doch als de Heere wil, ga ik aanstaande week met mij huisgezin daarheen om een en ander in orde te brengen. Verlede Zondag werd het Nachtmal aldaar bediend en wij hebben heerlijke Feestdagen gehad. Het schijnt als of er eene groote Belang stelling is in betrekking tot de school.

Het voornaamste punt waarover wij door u Eerwaarde wenschte ingelicht te zijn betreft de wijze hoe wij de nodige schoolboeken zullen bekommen en van waar wij die moeten krijgen. Zoo dra de school geopen is, zal de Commissie U Eerwaarde toezenden een volledig verslag van de school benevens eene opgaaf

---

1. O.D. 3/1, 1885.

van het aantal leerlingen.

U Eerwaarde's D.W. Dienaar

C.C. Grevelink.

Adres: C/O W. Leask,

Post Kantoor Makwassie Spruit."

Op 17 Desember van dieselfde jaar rig Grevelink 'n tweede skrywe aan die Superintendent van Onderwys, waarin hy meedeel dat met goedkeuring van die heer J.C. Bornman, Voorsitter van die Skoolkommissie, die "Huishoudelike Regelen"<sup>1)</sup> en die skoolgeld van die skool deurgestuur word. As rede waarom die skool nog nie geopen is nie, gee hy aan dat die onluste op die grens ten gevolg gehad het dat die burgers opgekommandeer was toe die skool moes begin. "Als die Heere wil zal de school in January a.s. geopen worden aangezien de tijd nu te kort is"<sup>2)</sup>.

Op 17 Januarie 1886 is 'n verdere baie omslagtige dog uiters beleefde brief van Grevelink aan die Superintendent gerig, waarin hy meedeel dat hoewel geen antwoord op sy skrywe van 17 Desember 1885 ontvang is nie, die skool nogtans geopen is op 4 Januarie 1886<sup>3)</sup> met 13 kinders, maar deur die Heer se seën is die getal verdubbel en vermeerder. Die voorsitter van die eerste skoolkommissie was die heer J.C. Bornman, en as sekretaris sou optree die heer W. Hauptfleisch, terwyl die adres aangegee is as: "P.O. Leeuwdoorns, Makwassie".

In sy jaarverslag van 1886 noem die Superintendent van Onderwys vir die eerste keer die naam van 'n skool uit wyk Makwassie (Wolmaransstad), en die skool

---

1. Vgl. Bylae A.  
2. O.D. 3/1, 1885.  
3. O.D. 3/3, 1886.

te Witpoort moet dus aanvaar word as die eerste erkende skool in die omgewing. Die skool is vir die eerste keer geïnspekteer op 16 Augustus 1886 deur ds. C.W. du Toit, wat soos volg gerapporteer het<sup>1)</sup>: "De school is geopend op 4 Jan. 1886 en wordt gehouden in een ruim kerkgebouw. Het geheel maakt ene nette vertoning. Het onderwijs is geheel Hollandsch, omdat er geen aanzoek is voor Engelsch. Het getal scholieren is 37, waarvan 36 tegenwoordig bij elementair, daar 12 van nog maar ééne maand op school zijn. Zij beginnen te lezen Fondamentsteenen No.1, leeren schrijven, zingen enz.  
Derde klasse 8 teenwoordig.

Lezen: Afr. spel en leesboek, vrij wel, uit het hoofd spellen, zeer goed.

Schrijven: vrij goed. Multiplicatie tafel, zeer gedeeltelik.

Cijferen: tot bij enkele delen goed. Numeratie nog gebrekkig.

Tweede Klasse nog 10 teenwoordig.

Lezen: Bijbel vrij goed.

Tafel van vermenigvuldiging: goed.

Numeratie: het best.

Bijbelgeschiedenis: Allen te zamen zeer goed."

Op 25 Julie 1887 is die skool te Witpoort vir die tweede keer geïnspekteer deur ds. Du Toit, en volgens sy rapport, wat hier volg, kan baie duidelike vooruitgang gekonstateer word: "De school wordt gehouden in een ruim lokaal naast de onderwijzerswoning. Meubilair, Zwart bord en tijdtafel goed, maar slechts 2 kaarten, van Afrika en Palestina. Getal kinderen 33, allen tegenwoordig, 4 Klassen.

Vierde klas 7, 4 van hen beginnen te lezen een sylla-

---

1. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent, 1883-1889, 35.

bische woorden en andere beginnen te spellen.

Schrijven: geheel elementair.

Numeratie: tot duizend, vrij goed.

Derde klas 6 tegenwoordig.

Rekenkunde: tot samegestelde substractie, vrij goed.

Numeratie tot 10,000 zeer goed. Tafels tot 7 maal goed.

Lezen: Afrikaans spel en leesboek bijna door, zij lezen en spellen bevredigend..

Schrijven: vrij wel.

Tweede klas: 13 leerlinge.

Rekenkunde: herleiding, samegestelde multiplicatie en divisie, vrij goed.

Lezen en dictaat: vrij wel, leestekens niet best.

Numeratie: tot millioenen, bevredigend.

Tafel van vermenigvuldiging, vrij goed.

Eerste klas: 7 leerlingen.

Rekenkunde: tot omgekeerde regel van drieën, vrij goed.

Numeratie tot millioenen: vrij goed, tafel van vermenigvuldiging, best.

Lezen en dictaat: zeer bevredigend.

Aardrykskunde: elementair<sup>1)</sup>.

Gedurende die jare 1888 en 1889 is volgens die jaarverslag van die Superintendent geen inspeksies gedoen by hierdie skool nie. Gedurende 1890 het n verandering van hoofskap plaasgevind, deurdat die heer Grevelink, soos hy reeds op 24 Desember 1889<sup>2)</sup> die Superintendent meegedeel het, n skool op Leeuwfontein gaan open in Januarie 1890.

Die skool is op 6 Januarie 1890 onder die nuwe hoof die heer E.C. Bosman<sup>3)</sup>, geïnspekteer, terwyl die aantal

- 
1. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent 1883-1889, 36.
  2. O.D. 6/2, 55/1889.
  3. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent 1883-1889, 361.

leerlinge ondertussen gedaal het na 28. Lees uit die Bybel was baie goed, maar die rekenkunde taamlik swak. Die hele skool se Bybelse Geskiedenis, Ou en Nuwe Testament, was besonder goed, terwyl lees en vertaling in die vreemde taal, Engels, bevredigend was.

In n skrywe gedateer 25 Junie 1891 deel Bosman die inspekteur mee dat besluit is om die skool tydelik te sluit vanaf 5 Augustus tot 6 September<sup>1)</sup>, maar as daar moontlik n inspeksie sal plaasvind, wil hy graag teenwoordig wees ten einde homself op hoogte te stel van die vereistes van die onderwys.

Bosman het op 3 Desember 1891 bedank as onderwyser te Witpoort<sup>2)</sup> om n pos te Taaiboschbult langs die Mooirivier te aanvaar. Die skool sou dan vanaf 4 Desember 1891 vir onbepaalde tyd gesluit wees, aangesien daar nog geen voorsiening gemaak is om die vakature te vul nie.

### 3. Latere skole in hierdie tydperk.

#### a. Leeuwfontein, wyk Bamboesspruit, Januarie 1888.

Blykens argiefstukke<sup>3)</sup> word op 18 April 1888 die ontvangs erken van die rekenings en state van T.Steenhuizen, Leeuwfontein, Makwassiespruit, vir Januarie tot Maart 1888 vir n bedrag van £11.5.0 wat aan die Ouditeur-Generaal versend is en op 26 April 1888 uitbetaal is. Hieruit moet afgelei word dat die skool vanaf Januarie 1888 bestaan het, maar aangesien die laaste verslag wat te vinde is die een is wat op 16 Oktober 1888 ingestuur is om die rekening van £8.5.0 oor die periode Julie-September te dek<sup>4)</sup>, het die skooltjie waarskynlik aan die einde van die jaar doodgeloop om weer opnuut aan die begin van 1890 deur die heer C.C.Grevelink,

---

1. O.D. 9/2, 1351/1891.  
2. O.D. 11/1, 2597/1891.  
3. O.D. 146, 278/1888.  
4. O.D. 146, 336/1888.

gewese onderwyser te Witpoort, wyk Makwassie, geopen te word.

Reeds op 24 Desember 1889 rig Grevelink vanaf Leeuwfontein, distrik Bloemhof, Pk. Wolmaransstad, n brief aan die Superintendent waarin hy meedeel van n skool wat gestig sal word met 25 leerlinge<sup>1)</sup>. Die kommissie is reeds gekies, en die skool sal begin in Februarie 1890, aangesien hy nog eers die gebou moet laat oprig. Hy vra hulp en ondersteuning soos voorheen op Witpoort en prys die plek en omgewing so hoog aan asof dit reeds n dorp is. Hy het self n erf gekoop teen £25 en doen aansoek om die verskuldigde huishuur teen £6 per jaar.

Volgens ooreenkoms met die ouers en kommissie sou hy nie n vaste traktement ontvang nie, maar alles sou afhang van die aantal kinders: vir die eerste 5 sou hy 15/- per kwartaal ontvang. Hy deel ook mee dat die plaas op die lyn tussen Bloemhof en Makwassie lê, kerklik onder Makwassie val en slegs 40 minute te perd van Wolmaransstad geleë is.

Op 21 Januarie 1890 rig Grevelink n tweede skrywe aan die Superintendent as antwoord op n skrywe gedateer 15 Januarie 1890 van die heer L.D.Borel, waarnemende Sekretaris van die Departement van Onderwys, waarin bevestig word dat E.C.Bosman nou optree as hoof te Witpoort, terwyl hy self voornemens is om die skool te Leeuwfontein te beheer<sup>2)</sup>. Dit sou egter vir hom nodig wees om op 10 Maart 1890 n verdere skrywe aan die Superintendent te rig, waarin hy kla dat hy nog geen boeke ontvang het nie, en hy plaas weer die volgende bestelling<sup>3)</sup>:

- 
1. O.D. 6/2, 55/1889.
  2. O.D. 6/2, 105/1890.
  3. O.D. 6/2, 287/1890.

"2 doz. skryfboeke sonder Exempels,  
1 doz. Uw en Mijn Gifboekje en een Sleutel,  
1 doz. Onderwys in die Bybelsche Geschiedenis voor  
eenigzins gevorderden door Izaak Prins, Predikant te  
Amsterdam".

Op 20 Mei 1890 word n rekening vir £1.16.0, gete-  
ken deur inspekteur C.G. de Jonge Fzn. aan Grevelink  
gelewer vir die boeke wat aan hom gestuur is<sup>1)</sup>. In n  
skrywe van Grevelink onder datum 6 Junie 1890 kla hy  
by die Departement dat daar nog geen subsidie vir sy  
skool ontvang is nie<sup>2)</sup>. Met die insending van sy  
state op 7 Oktober 1890 was dit vir hom nodig om die  
aandag daarop te vestig dat die swak toestand van die  
papier te wyte is aan vlekke wat in die poskantoor ont-  
staan het en waarvoor hy dus nie verantwoordelik kon  
wees nie. Die swak skoolbesoek<sup>3)</sup> skryf hy toe aan die  
ernstige droogtetoestande wat geheers het.

Die skool is gedurende die jaar geïnspekteer deur  
inspekteur C.G. de Jonge, wat die heer Grevelink aanbe-  
veel het vir n sertifikaat van die derde rang<sup>4)</sup>. Die  
spraakkuns was nog swak, maar die aardrykskunde van  
Suid-Afrika was bevredigend. Die Bybelse Geskiedenis  
van die hele skool was besonder goed, terwyl die skry-  
we volgens voorskrif van die onderwyser goed was.  
Met die sang in B. mol en B. duur was hy ook tevrede.

Volgens n skrywe van die hoof gedateer 3 Febru-  
arie 1891 was die skool gesluit vanaf 24 Desember 1890.  
Die kommissie het aanbeveel dat die vakansie sou duur  
tot 7 Januarie, en kennis word nou gegee dat die skool  
nie op genoemde datum heropen het nie maar gesluit sou  
bly tot nadere kennisgewing. Die skool word nou op

---

1. O.D. 6/2, 288/1890.

2. O.D. 7/1, 434/1890.

3. O.D. 7/3, 1393/1890.

4. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent  
1883-1889, 360.



2 Februarie 1891 opnuut met 22 kinders heropen<sup>1)</sup> onder toesig van dieselfde kommissie, met die onderskeid dat daar nou, sover die Skoolwet dit toelaat, ook onderrig gegee sou word in die Engelse taal deur mej. A. Jooste, wat reeds enige maande in 1889 op Witpoort n assistente van Grevelink was. Verder vra die hoof duidelikheid oor die verdeling van die skoolkwartale en plaas die volgende bestelling:

" $\frac{1}{2}$  doz. Z.A. Spel en leesboeken of Fondamentsteen I & II,

1 doz. leesboekjies voor Std.11, liefst 1ste Honderdtal of de Mensch en dieren 1ste deel,

$\frac{1}{2}$  doz. Holst kleine Spraakleer,

1 doz. Holst kort begrip Aardrijkskunde,\*

1 doz. Jaeger's Pocket Dictionary,

2 doz. Shankey's dubbel zonder musiek".

Hoewel Grevelink sake aan die begin rooskleurig geskilder het, het dit tog geblyk dat daar gedurende 1891 groot agteruitgang, veral weens droogte, ingetree het. Op 2 Februarie 1891 rig hy n skrywe aan die waarnemende Sekretaris van Onderwys waarin hy wys op die treurige toestand wat heers en verwys na die verskuldigde subsidie as "dat weinig dat ik toch zoo zeer nodig heeft"<sup>2)</sup> om van te lewe. Hy doen ook aansoek om n ander pos, en onder datum 11 Mei 1892 vind ons n brief van hom vanaf Krokodildrift, Pretoria, waarin hy meedeel dat hy n skool aldaar geopen het<sup>3)</sup>, waaruit dus afgelei moet word dat die skool op Leeuwfontein waarskynlik aan die einde van 1891 onder die druk van omstandighede weer opgehou het om te bestaan.

---

1. O.D. 8/1, 386/1891.  
2. O.D. 10/1, 2043/1891.  
3. O.D. 12/3, 849/1891.

b. Karreefontein, wyk Bamboesspruit, 1 Maart 1889.

Op 1 Maart 1889 rig D. Hoffman as tesourier aan die waarnemende Superintendent n skrywe waarin hy meedeel dat n skool te Karreefontein geopen is en hy vrvorms van verslag- en rekeningstate. As onderwyser sou optree die heer W.A.L. Schwenn<sup>1)</sup>, vroeër van die wykskool op Panfontein.

Volgens n skrywe gedateer 1 November 1889 gerig aan die Superintendent van Onderwys, H. Stiemens, geteken deur P. Swanepoel as "schoolbestuurder met adres: postkantoor Makwassie Z.A.R., C/O Mr. T. Dunn Bamboesspruit", word H.O.E. van Buuren aanbeveel as onderwyser en word versoek dat die skool onder die gesubsidieerde skole opgeneem sal word<sup>2)</sup>. Die skoolkommissie was soos volg saamgestel:

P.A.Swanepoel (voorsitter), C.V. de Neischen (lid),  
P.F.J. van Rensburg (lid).

Die heer Van Buuren wys die Departement per skrywe gedateer 30 Januarie 1890<sup>3)</sup> daarop dat hy die state vir November en Desember 1889 versend het maar niks hoor nie. Hy is behoeftig en sou graag sien dat die geld gestuur word. Hy gee sy adres as "Karie Boom, dist. Bloemhof, Bamboesspruit, Z.A.R."

Die skool is op 3 April 1890 gesluit<sup>4)</sup>, soos blyk uit die inhoud van die brief van P.A.Swanepoel, gedateer 5 April 1890, waarin hy versoek dat aantekening daarvan gemaak moet word. Die skool is egter in die loop van die jaar geïnspekteer deur die heer C.G. de Jonge, wat vermeld dat die onderwyser H.O.E. van Buuren was vanaf 9 Julie 1890. Die skool is blykbaar

- 
1. O.D. 5/1, 300/1889.
  2. O.D. 6/1, 183/1889.
  3. O.D. 6/2, 145/1890.
  4. O.D. 7/1, 410/1890.

op 9 Julie heropen, nadat Van Buuren ondertussen n skooltjie te Bezuidenhoutskraal probeer oprig het<sup>1)</sup>.

Die nuwe skoolkommissie sou wees:

J.G. van Buuren (voorsitter) en J.A. Zietsman en T.J. Kotzee lede.

Die inspeksierapport vermeld dat die lees uit die Bybel swak was asook die Bybelse Geskiedenis van die hele skool. Die rekenkunde was totaal verwaarloos, en die voorskrifte van die onderwyser gewemel het van taalfoute. Die onderwyser was veral onbekwaam vir die onderwys in die Hollandse taal en in kerksang. Die regeringssubsidie word vermors en is daarom geweier<sup>2)</sup>.

Twee ongedateerde briewe is deur Van Buuren geskryf om sy subsidie te vra en in die laaste geval<sup>3)</sup> ook kennis te gee dat die skool gesluit word op 9 Oktober 1890.

c. Uitkyk, wyk Makwassie, 1 Mei 1890.

Volgens die jaarverslag van die Superintendent was die heer C.J. Strydom aan hierdie skool verbonde vanaf bogenoemde datum. In n skrywe onder datum 6 Junie 1890 vra Strydom vorms vir sy skool asook subsidie en gee sy adres as "Post Leeuwdoorns via Klerksdorp P.S. C/O A. King"<sup>4)</sup>.

As hulponderwyseres is mej. J.J. Lourens vanaf 1 Julie 1890 aangestel, aangesien die aantal leerlinge toe reeds op 31 gestaan het. Die skool is ook in die loop van die jaar deur die heer C.G. de Jonge geïnspekteer<sup>5)</sup>. Hy het die spel en lees in die Trap der Jeugd afgekeur en dit te sangerig gevind. Die rekenkunde was taanlik, die hele skool se Bybelse Geskiedenis be-

---

1. O.D. 7/2, 875/1890.

2. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent 1883-1889, 360-361.

3. O.D. 7/2, 879/1890.

4. O.D. 7/1, 700/1890.

5. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent 1883-1889, 361.

vredigend, maar daar was geen voorskrif op die bord sonder taalfoute nie.

In n brief aan die Superintendent gedateer 10 Junie 1891 geskrywe deur C.C.Grevelink as scriba van die N.H. of G. Kerk, Makwassie, kla die Kerkraad oor die gedrag van C.J. Strydom, gesubsidieerde onderwyser te Uitkyk, omdat hy nie sy plig doen in die skool nie, maar wel gedurende skoolure rondgaan en met sy godsdiensoefeninge twis en tweedrag onder die mense saai. Die Superintendent word versoek om hom op sy plig te wys<sup>1)</sup>.

d. Oersonskraal, wyk Makwassie.

Die jaarverslag van 1890 noem hierdie skooltjie as een van die wat in die loop van die jaar deur inspekteur C.G. de Jonge besoek is. Die heer W.A.L. Schwenn, wat in die begin van 1889 te Karreefontein was, was toe hier werksaam, maar die skool is sonder tydige kennisgewing aan die inspekteur gesluit<sup>2)</sup>.

e. Bezuidenhoutskraal, wyk Makwassie.

Blykens n ongedateerde brief van H.O.E. van Buuren<sup>3)</sup> waarin hy aansoek doen om subsidie vir hierdie skool en meteen ook meld dat die skool gesluit word en oorgeplaas word na Karreefontein, het hy blykbaar na die sluiting van laasgenoemde skool op 3 April 1890 die skool te Bezuidenhoutskraal begin om dit kort daarna weer te sluit met die heropening van die op Karreefontein op 9 Julie 1890.

4. Stand van die onderwys teen 1890.

In 1889 is die eerste drie inspekteurs vir Transvaal aangestel nl. H.H.Dyksterhuis, J.Nieuwenhuys en C.G. de Jonge<sup>4)</sup>. In sy rapport oor die onder-

---

1. O.D. 9/2, 1261/1891.

2. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent 1883-1889, 361

3. O.D. 7/2, 875/1890.

4. Volksraadsnotule 1889, art. 381.

wys in sy kring gedurende 1890 stel inspekteur De Jonge hom die vraag of daar wel vooruitgang te bespeur is. Volgens sy ondervinding opgedoen tydens inspeksies, kom hy tot die gevolgtrekking dat die vooruitgang nouliks merkbaar is. Die onderwys ook in die Wolmaransstadse omgewing was nog gebrekkig. Die tekortkomings in die onderwys word deur hom soos volg aangedui<sup>1)</sup>:

Lees: Die verouderde spelmetode is nog in gebruik, omdat die onderwysers nie in staat is om die klankmetode te gebruik nie. Dit het ten gevolg dat die lees by gevorderde onderwys baie te wense oorlaat wat betref noukeurigheid, natuurlikheid van uitspraak en vaardigheid. Te veel aandag word gevestig op leestekens, en die kinders lees gevolglik sonder begrip. Meer nadruk moet gelê word op die inhoud, sodat die kind kan weergee wat hy gelees het. Die leesles kan nie gegee word sonder taalonderwys nie. Die Bybel kan nie diens doen as leesboek nie. Die gebrek aan 'n goeie klasleesboek is by die meeste skole aangetref. Die ouers en die skoolkommissie is dit dikwels nie eens oor die gebruik van die regte leesboek nie, en die onderwysers weet dan nie watter boeke om te bestel nie. Hy veroordeel die gebruik van die Trap der Jeugd en beveel die leesboekies van H. Elfers sterk aan<sup>2)</sup>.

Spraakkurs: Die werk het ook hier nog veel te wense oorgelaat. Die meeste onderwysers skiet te kort aan kennis en takt. Die kinders behoort die spelling te leer, en die leesles moet met die taalles ver-

- 
1. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent, 1890, 97.
  2. Idem.

bind word. Diktee moet nie bestaan uit 'n klomp woorde en sinne uit die boek nie maar moet oordeelkundig gekies word<sup>1)</sup>.

Rekenkunde: Aanskouingsonderwys word nie gegee nie en dit geld ook van die hoofrekene. Werktuiglike syferwerk is al wat gegee word. Die begrip van die tientallige stelsel word nie deur die kinders begryp nie en dikwels ook nie eens deur die onderwyser nie.

Rekenkundige vraagstukke word deur die onderwyser vermy. Die rekenkundeboekies van Moller en Uw en mijn cijferboek is ongeskik en word slaafs gevolg. Die werk bly onprakties, en die kind is onbeholpe wanneer hy in die maatskappy kom<sup>2)</sup>.

Skrif: Skrif word nie onderwys volgens die reëls van die skryfkuns nie. In die meeste gevalle word "copy books" gebruik, wat tog beter is as die swak en slordige voorbeeld van die onderwyser. Die goeie voorbeeld van die onderwyser is egter van groter waarde, want dan sien die kind hoe die letters gemaak en verbind moet word<sup>3)</sup>.

Aardrykskunde en Geskiedenis: Die onderrig in die twee vakke is oor die algemeen primitief en oppervlakkig. 'n Gebrek aan goeie kaarte en boekies het baie met die swak gehalte van die werk te doen. Die geskiedenis moet eenvoudiger en boeiender vertel word om die belangstelling van die kind te kry<sup>4)</sup>.

Bybelse Geskiedenis: Die peil van die werk, getoets aan die kennis wat die leerlinge besit, is baie bevredigend. Hy beskou dit as 'n verblydende teken. Die werk op buiteskole is gewoonlik baie beter as die op dorpskole<sup>5)</sup>.

- 
1. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent, 1890, 97.
  2. Ibid., 98
  3. Idem.
  4. Idem.
  5. Ibid., 99.

Kerksang: Die B-mol- en B-duur-note kan baie beter onderwys word. n Groot deel van die onderwysers is egter nie bekwaam om dit te doen nie<sup>1)</sup>.

Engels: Ook op die buiteskole neem die onderwys in Engels gaandeweg toe, met verbeterde resultate. Op die dorpe bestaan die neiging om Engels te veel op die voorgrond te plaas, wat in stryd is met die bepalinge van die wet en ten koste van die Hollandse taal geskied<sup>2)</sup>.

Algemeen: Die Regering stel meer belang in die onderwys en opvoeding van die kinders as wat die ouers self doen. Met die ruim subsidie doen die Regering meer as sy plig. Die ouers toon n gebrek aan belangstelling in die onderwys. Die gedagte skyn te wees dat die hoë subsidie van die Regering ook vir hul verantwoordelikheid vergoed. Ouers kon ten minste toesien dat hulle kinders die skool gereeld besoek<sup>3)</sup>.

-----0000000-----

---

1. Z.A.R.: Onderwysjaarverslag van Superintendent, 1890, 99.  
2. Idem.  
3. Idem.